PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

## WARRIORS KLOP STILFONTEIN

**Rustenburg** – Daar het as't ware 'n paar oomblikke van stilte geheers in Stilfontein toe die Warriors vir die eerste keer ooit, Stilfontein uitoorlê het, met 12-8. Die spel het op Saterdag, 8 April 2017, plaasgevind. Die *man of the match* was deels aangewys aan voorspeler Christo Brunette en agterspeler Willem Koeglenberg.

Die Rustenburg Warriors is onder leiding van John Griffiths, hoofafrigter. Oefening sessies vind Maandae, Dinsdae en Donderdae om 18h00 plaas by die Bobbies Rugby klub.

**Alle belangstellendes wat by díe manne wil aansluit, kontak vir Griffiths by 079-849 0813 of deur 'n e-pos aan john.griffiths@implats.co.za te stuur.**



*Die trotse Warriors span.*



*Willem op losskakel (links) en Jandré op vleuel – 'n gevaarlike rugga kombinasie!*



*Só werk die Warriors saam!*

## RCC excels in 24 hour blast

**Rustenburg** – The Rustenburg Cycling Club (RCC) took place in this year's 24 hour blast, the CEMSA Southern Skies race held in Koedoeslaagte. The purpose-built mountain bike track approximately 8km outside of Parys, took place over 8-9 April 2017.

The starter's pistol fired at 12-noon on Saturday and finishes at 12-noon Sunday. It was a Le-Mans style start (100m run).

A team from RCC entered the schools category. It had to be 4 boys/ girls from the same school and three adults, comprising over a team of seven members. The team, dubbed, *Chain Breakers,* consisted of Willie van Eck (team captain), John-William Lang, Antonie Lit and Hanro Vermeulen – all from Rustenburg High School. The adults were Johnny Lang, Mike Appelgryn and Karen Lang.

Cross-country lap racing was at the order of the day. In the daylight, the lap was 7.5km and the night lap was 5.5km.

Winners were determined by the most laps/ shortest time in the allotted 24 hours. Even the drenching rain and mud on Saturday night did not put a damper on Rustenburg's team. It was a true nail-biting race between them and the *Wagpos Warrior*s from Brits – who in the last hour were on a equal number of laps.

The *Chain Breakers* finished an amazing 76 laps in the 24 hours, beating the *Wagpos Warriors* by 5 minutes in the overall time.

Not only did they win the school's category, but managed to take first place overall. It is the first time that a school's team has taken the overall first place in this race. Five of the *Chain Breakers* racers are members of the RCC.




***Members of the Rustenburg Cycling Club (RCC) partook in the CEMSA Southern Skies 24 hour MTB Race in relay style. The relay team of RCC took first place. They are; from left; Mike Appelgryn, Hanro Vermeulen, John-William Lang, Karen Lang, Wille van Eck, Antoni Lit and Johnny Lang.***






## Superugby 2017 Week 7

**Hurricanes vs Waratahs**

Die Canes moes hard werk vir die oorwinning in Wellington en wen 38-28. Die Barret broers was op hulle stukke met puik spel. Die Canes speel volgende teen die Blues in Auckland met die Tahs wat 'n blaaskans kry.

**Sunwolves vs Bulle**

Skokgolwe oor die planeet aarde ou grote, amper meer as 10 op die Richterskaal. Japan klop die Bokke twee jaar terug.. en daar kom die Sunwolves en klop die Bulle in Tokio met 21-20. Die Bulle speel volgende teen die Jaguares op Loftus en kan verseker nie baie ondersteuners verwag nie. Die Wolwe reis NZ toe om die Crusaders te gaan irriteer in Christchurch.

**Highlanders vs Blues**

In Dunedin klop die Highlanders die Blues in 'n klipharde Kiwi derby 26-20. Die Blues speel strate beter as verlede jaar en kon hierdie een gewen het maar die afronding is nog 'n probleem. Die Blues draf volgende teen die Hurricanes in Auckland uit met die Highlanders wat 'n loslootjie het.

**Brumbies vs Reds**

Die Brumbies lewer hul beste vertoning van die seisoen en klop die Reds gemaklik 43-10. Die Brumbies het veral in die tweede helfte oorheers en teken 33 punte teen nul aan. Die Reds kom volgende teen die Kings in Brisbane te staan met die Brumbies wat teen die Rebels in Melbourne gaan uitdraf.

**Haaie vs Jaguares**

Hierdie game in die Haaitenk was oos 'n armdruk kompetisie ou grote. Die Haaie het kopgehou en klop die Argentyne 18-13. Die Haaie se jong agterspelers het soos harde baarde uitgedraf – en die naam van André Esterhuizen moet genoem word. Hierdie is 'n yster ou grote en hy is ook 'n produk van KHS in Klerksdorp. Die Haaie verdien ook nou 'n ruskans en speel oor twee weke teen die Rebels in Durban. Die Jaguares reis Loftus toe om te gaan smul aan rypgemaakte Bul filette.

**Stormers vs Chiefs**

Die Stormers tree as oorwinnaars uit in 'n fantastiese rugga game ou grote. Die Stormers wen 34-26 en wen ook meer harte in die Kaap met hierdie puik oorwinning. Hulle is ook nou die enigste onoorwonne span, algeheel in die kompetisie. Die Stormers laat hulle nie boelie nie, en lê sodoende 'n puik grondslag vir die agterlyn neer. Die Stormers gaan weer in 'n hewige stryd wees en speel volgende teen die Leeus op Nuweland. Die Chiefs reis Bloem toe om teen die Cheetahs uit te draf.

**Force vs Kings**

Die konings van die houtlepel word toe deur die Force gewen in Perth met 46-41. Die Kings was op 'n stadium met agt punte voor en kan hulle self skop dat hulle die een verloor het ou grote. Die Kings se volgende game is teen die Reds in Brisbane met die Force wat 'n loslootjie geniet.

*** Die skok aankondiging is gemaak dat twee SA spanne en een Aussie span onttrek word vir die 2018 seisoen. Die Cheetahs en die Kings gaan dus hulle plekke kwyt wees op die Superbus van 2018.*

**Nag ou grote…**